

Inleiding



In Zuid Afrika heeft de nog jonge predikant dr. Tobi Muller een voordracht gehouden, over de kortstondigheid van ons leven. Zelf is hij slechts 34 jaar oud geworden en gestorven vanwege de griep-epidemie die daar destijds heerste. Tobi was een begaafde jogeman met een diep besef van zijn afhankelijkheid aan God. Het artikel is heel leerzaam en zal ieder mens tot nadenken stemmen over zijn eigen leven en sterven. Tobi Muller werd geboren op 13-08-1884 en stierf op 25-10-1918.

Wie meer over zijn levensgeschiedenis wel lezen, kan op de volgende website dat vinden:

<http://blog.wimfourie.co.za/?p=1021>

http://af.wikipedia.org/wiki/Tobie_Muller

Door zijn kleindochter is een gedenkplaat onthult op 24-02-2013, zie foto



Wim Fourie schrijft het volgende over Tobi Muller:


Op Philippolis word ook ywerig voorberei vir die komende 150-jarige fees van die gemeente wat in Oktober vanjaar gevier word. Ons stap weer een middag rondom die kerk en kyk na die suile voor die kerk wat

ook dien as getuigskrifte vir die leraars wat in die gemeente gedien het en reeds oorlede is. Ons vertoef lank by die suil wat opgerig is ter nagedagtenis van Ds Tobie Muller – die begaafde jong dominee wat sy eerste gemeente, Philippolis, met soveel ywer gedien het en so blywende invloed op die dorpie gehad het, dat ‘n straat na hom vernoem is. Tog het hy slegs ‘n skrale twee jaar die geleentheid gehad om in die bediening te wees, want op 25 Oktober 1918, sterf hy tydens die landswye griep-epidemie. Hy word die volgende dag begrawe. ‘n Boek wat die verhaal van sy lewe vertel en die impak wat hy op die samelewing gehad het boekstaaf, beskryf sy eenvoudige begrafnis as volg:

“Die begrafnisplegtigheid op Saterdag, 26 Oktober, was noodwendig baie eenvoudig – asof dit gepas het by die lewe van iemand wat altyd sy eie nietigheid besef het. ‘n Eenvoudige






houtkis van planke aanmekeargetimmer deur die gewillige hande van die wat nie deur die siekte neergetrek was nie, ‘n kleine skaar, meestal kinders en ou mense, agter die baar in stille optog na die begraafplaas, ‘n paar toesprake by die graf – dit was al. (Uit: Tobie Muller – ‘n inspirasie vir jong Suid-Afrika deur B.B. Keet en Gordon Tomlinson).

‘n Sober, gestroopte begrafnis vir ‘n merkwaardige talentvolle man wat die professoraat in Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch verruil het vir die ampswerk van ‘n leraar in Philippolis. Eers vier jaar later, dag en datum, op 26 Oktober 1922, word ‘n gedenkdiens ter ere van Ds Tobie Muller gehou op Philippolis en word die betonnaald met inskripsies oor sy lewe op die kerkerrein onthul. In 2012, vier-en-negentig jaar na Ds Tobie Muller se afsterwe, staan dit steeds daar as getuigskrif van ‘n merkwaardige lewe.



De voordracht:

[PRESIES HOE LANK IS DIE KORTSTONDIGHEID VAN JOU LEWE?](#)

 Vrydag, 26 September 2014 07:19 |  Geskryf deur Redaksie |  |  | 

Op Sondag, 01 Julie 2012 het die AVP hierdie diepsinnige ontleding van wyle ds. Tobie Muller geplaas. Hoewel hy maar net 34 jaar oud geword het vanweë die groot griep epidemie van die jare dertig, was hy 'n besonder begaafde Afrikanerseun wat by al sy bekwaamheid en bo gemiddelde prestasies, 'n diepe besef van die mens se afhanklikheid van God gehad het. Sy Godgegewe talent het hy nie onder 'n maatemmer gebêre nie maar neergepen sodat ons daaruit kan put, lank nadat hy nie meer daar is nie. Ons plaas dit graag weer omdat dit so waardevol is.

DIE KORTSTONDIGHEID VAN DIE LEWE (Dr Tobie Muller)

Jakobus 4:14: "Want hoedanig is u lewe? Dit is 'n damp wat vir 'n klein tydjie gesien word en daarna verdwyn."

Die mens onderskei hom van alle ander lewendige wesens ook deur die feit, dat hy, en hy alleen, gebuk gaan onder die besef van sy kortstondigheid. Die dier is wel sterflik, net soos die mens, maar hy weet dit nie. Hy leef voort sonder die kwellende van sterwensvrees. Die engele, aan die ander kant, is selfbewuste wesens soos ons, maar hulle dra die merkteken van die onsterflikheid. Die mens egter sien met droefheid, hoe die skaduwee van die dood op hom rus. In al die eeue moes die mensheid sy eie lyksang sing en sy eie dodemars komponeer. Daar is dan ook weinig feite, wat so baie uiting gevind het in die geskrifte van alle volke, as die kortstondigheid van die lewe.

Vandaar dan ook, dat die Bybel direk of indirek soveel hieroor te sê het. Veral geld dit van die Ou Testament, omdat die geloof in 'n lewe hierna toe nog so swak en vaag was, waardeur die besef van die kortheid

van die lewe so vreeslik geword het, dat selfs die vrome met byna wanhopige angs gedink het aan die dag van die dood. Die Psalms bv. roep ons toe: "Die dae van die mens is soos die gras; soos 'n blom van die veld, bloei hy. As die wind daaroor gegaan het, is hy nie meer nie, en sy plek ken hom nie meer nie." En op 'n ander plek sê hy vir sy God: "U het my dae soos 'n handbreed gestel en my leeftyd is soos niks voor U nie"; terwyl die so baie gekastyde Job dieselfde treursang sing: "Die mens van 'n vrou gebore is kort van dae en sat van onrus. Hy kom uit soos 'n blom en word afgesny, ook vlug hy soos 'n skaduwee en bestaan nie." Jesaja weer roep uit: "Alle vlees is soos gras die gras verdor en die blom val af." En so klink dit deur die hele Ou Testament, soos 'n droewige refrein.

In die Nuwe Testament, nadat eeue verloop het, word hierdie refrein herhaal in die woorde van ons teks: "Want hoedanig is u lewe? Dit is 'n damp wat vir 'n klein tydjie gesien word en daarna verdwyn."

Vandag is dit ook nie anders nie. Daar is min feite, wat so dikwels onder ons aandag gebring word as die onbestendigheid van die lewe. En tog hoe weinig laat die besef hiervan 'n blywende indruk na! Ons leef dikwels asof ons onsterflik is en die aardryk vir altyd sal besit. Dit is wel gewoonte en selfs mode oor die kortstondigheid van die lewe te praat; maar vir die meeste bly dit by woorde, wat geen blywende uitwerking op die lewe het nie. Ons vergeet so maklik, dat dit nie 'n saak van afgetrokke bespieëling of teorie is nie, maar 'n ernstige werklikheid, waarmee ons hele doen en late behoort rekening te hou.

Die kortstondigheid van die lewe is 'n treurige noodwendigheid. Aan die onverbiddelikheid van die wet van sterwe twyfel niemand en kan niemand twyfel nie. Die een geslag verdwyn na die ander; dit is 'n gedurige kom en gaan. Al spoediger snel die lewe na die einde toe. Die langgerekte, skynbaar eindelose jare van die kind lyk elkeen meer afgeslyt as sy voorganger, en loop hulle gereelde gang met 'n steeds klimmende vaart. Vir die jongeling word die jare nog korter, en so gaan

dit voort met meedoënlose en steeds toenemende snelheid na die dag van die dood toe. Die grysaard sien terug agter hom, en sy lewe het soos 'n skaduwee gewyk, is soos 'n droom verby.

Die wet van lewe en sterwe, van opkom en ondergaan, is maar al te seker en al te sigbaar. Tevergeefs het die mens die eeue deur gesoek na 'n middel om die lewe onbeperk te verleng. Die wetenskap het wonderlike ontdekkings gemaak. Ons gly oor die aarde in sneltreine; ons kloof die golwe met stoombote; ons maak selfs die lug diensbaar aan ons wil; en die geneeskuns versag die leed van vele – maar die dood bly soos voorheen onoorwonne. Sy heerskappy bly so vas soos altyd, en sy ysterroede heers met meedoënlose gestrengheid oor die ganze aarde. Hy spot met die wetenskap, en rykdom of eer win by hom geen voordeel nie. Sy strenge onpartydigheid ken geen aansien van persoon nie. Met sy seis maai hy tegelyk die ontluikende lelie en die verdorde gras af. Die skure van die dood is vol van tere jong halmpies sowel as van rypgeworde graan. Hy ontsien niemand nie. Die een sterf nou, die ander later; maar almal moet sterf en sterf spoedig!

Maar hoe kan dit ook anders wees? Die arme mens met sy brose liggaam dra die stempel van die tydelike. Nie alleen is hy self 'n kortstondige wese nie, maar hy maak 'n deel uit van 'n onbestendige geheel. Die wêreld self is nie blywend nie. Die berge, wat skynbaar onbeweeglik die eeue deur bestaan as toonbeelde van die onverganklike, word langsaam maar seker deur die wind en weer onophoudelik weggeslyt. Terwyl vakmanne ons sê, dat sonstelsels, net soos ons s'n, in die loop van die tye opkom en ondergaan. Ook aan hulle knaag die tand van die tyd onophoudelik. Hoe nietig, in vergelyking hierby, is die lewe van die mens! Geen wonder dat hy 'n nietige deel van 'n verbygaande geheel, nie aan die noodwendigheid van die dood kan ontkom nie. “Die gedaante van hierdie wêreld gaan verby,” hoe sal dan die inwoner daarvan op aarde kan bly voortleef?

Die besef van die noodwendigheid en onverbiddelikheid van die dood baar droefheid. Die lewe is vir ons te kort. Selfs die barbaar in sy woestheid moet treur, wanneer hy sy vlugtige lewe vergelyk met die skynbaar onverganklike berge en riviere. Die voorgeslag sterf uit, die nageslag groei op, maar die heuwels en rotse bly vir hom onverander voortbestaan.

Die drang om te lewe bestaan by alle mense. Die lewe self as sodanig is vir ons aangenaam. Dit is een van die ingewortelde kentekens van die mens. En tog is dit juis hierdie drang, wat nooit volkome kan bevredig word nie. Geen wonder, dat dit ons soms tot weemoed stem nie. En nie alleen dit nie, maar die besef van ons kortstondigheid en die weemoed wat daaruit ontstaan groei aan met die beskawing en selfs met die godsdienste. Die opgevoede mens het meer planne, hoër begeertes en ideale as die barbaar; daarom het hy ook meer doeleindes wat hy nooit kan bereik nie, en meer wense wat hy nimmer vervul kan sien, weens die korte bestek van tyd waarvoor hy mag beskik nie. Die student bv. sien oneindige velde van studie voor hom oopgaan; maar skaars het hy van 'n klein gedeelte daarvan besit geneem of die dood maak 'n einde aan sy dors na wetenskap. Die wêreld van kennis en kunste groei geduriglik aan, maar die lengte van die menslike lewe bly onreikbaar. Hoe hoër die mens styg, hoe meer knel die bande van kortstondigheid hom, en hoe swaarder val dit hom om sy beloofde land alleen van ver te mag aanskou. Dis maar al te dikwels 'n ander wat saai en 'n ander wat maai. Die mens swoeg met al sy mag. Maar menigmaal gryp die doodsengel hom terwyl hy nog ver is van sy lewensdoel. Die lewe is te kort!

Ook die Christen deel soms in hierdie weemoed. Ook hy het sy ideale waarna hy in die diens van sy Heer wil strewe; maar ook hom oorval die sterwensuur soms so onverwags en spoedig, dat hy met 'n bedroefde gemoed uitroep: moet ek gaan met leë hande? Vir die Christen het die

dood wel sy skrik verloor, maar dit bly nog altyd ook vir hom die verydelaar van sy planne, wat met geweld 'n einde maak aan sy aardse betrekings en werksaamhede. Ook vir hom is die lewe te kort.

En tog, ten spyte van al wat gesê is, tref die korthed van die lewe ons nie net as 'n treurige noodwendigheid, as iets wat ons tot weemoed stem nie; maar ook as 'n genadige beskikking, as iets wat dankbaarheid by ons moet opwek. Hier staan ons nou voor 'n teenstrydigheid – die lewe is vir ons te kort en te lank albei!

Bedoel vir 'n lewe wat God verheerlik, het die mens sy bestemming gemis en is hy diensbaar aan die magte van die duisternis. Hierdeur word kommer, angs en pyn die deel van die skepsel, wat daarom “met opgestoke hoof die openbaring van Gods kinders verwag.” Selfs wanneer God die sonde straf, bly Hy egter genadig. As dit moontlik was, dat God die mens ewig kon laat voortleef op aarde in die sonde, wat sou dan nie van die meeste mense geword het nie! Die dood is wel vreeslik, maar dit sou nog ontsettender wees, as daar geen sterwe moontlik was vir die ondraaglik geteisterde en beproefde nie. Die lewe is vir ons dikwels te lang. Elkeen het sy laste, wat hy deur die lewe moet dra. Sommige swoeg vir 'n ellendige bestaan jaar in en jaar uit, kan skaars liggaam en siel bymekaar hou, smaak nooit hoër genietings van die lewe nie, en het ook geen hoop dat dit met kroos beter gesteld sal wees nie. Die toenemende beskawing, met sy fabriek en myne, is wel oorsaak van roem vir die mens, maar bring tegelyk 'n groot massa van mense in 'n toestand wat tydelike en geestelike welvaart belemmer, totdat hulle soms hulle weg gaan soos masjiene onder masjiene en dieper sink as die barbaar. Geen wonder dat meer as een, wat wanhopig gebuk gaan onder die laste van die lewe, uitroep: hoe lank, Here, hoe lank? Ander, wat alle moed verloor het en te swak is om die lewenstryd te deurworstel, slaan hulle hand aan hulle eie lewe. Hulle getal neem elke jaar toe in alle dele van die wêreld; byna die laaste toevlug van die siel wat vermoeid en belas is met die sorge van die lewe en Hom nie ken,

wat al ons laste wil dra nie. Sy sonde vind vir meer as een, en met ontsettende dwaasheid vlug hy van die tydelike gevolge daarvan, om hom in 'n swaarder ewige oordeel te stort.

Selfs die een wat hom volkome oorgee aan die sinlike genot van hierdie lewe word meermaal eindelijk moeg en afgemat. Die plesier wat uit die verte so aantreklik geskyn het, versmelt in sy hand as hy dit wil gryp. Spoedig word hy sat van wat hy wel vind, en weer dryf sy luste hom voort, totdat eindelijk die lewe niks meer aanbied nie as verstompte sintuie, bittere verwyte en magtelose besluite; en ten slotte word dit 'n las, waarvan die dood 'n welkome verlossing geag word.

Ook vir die Christen is die lewe soms te lank. As 'n deel en 'n inwoner van die wêreld bly hy saam met die aardbewoners. Menige kind van God lê lewenslank gekluister in die siekekamer of in die hospitaal. Meer as een verlang na die dood as 'n vriendelike verlosser uit 'n smartelike lyding, maar vind hom nie terstond nie. Die gejaagdheid van die lewe en menigvuldige beslommerings maak die stille gemeenskap met God soms so moeilik, en die omgewing dreig menigmaal soveel om ons te besmet met die sondige, dat die Christen ook tye ken, wanneer hy sterk voel, hoe die perke van hierdie aardse lewe hom druk. Menigeen vind die stryd teen die sonde so fel, en die weg van heiligmaking so steil en eng, dat hy smag na die hawe van rus daarbo. Watter Christen, wat die naam werd is, verlang ook nie soms, met Paulus, om ontbonde en met sy Heer te wees nie, vir wie hy van aangesig tot aangesig sal sien in alle ewigheid, wanneer die wolke wat nou so dikwels ons blik benewel, sal verdwyn het? Die reisiger deur hierdie wêreld kan nie anders as soms met heimwee uitsien na die vaderhuis aan die ander kant van die graf nie.

Tog mag hierdie verlange nie so baie gevoed word, dat dit ons ongeskik maak vir die vervulling van ons pligte nie. Want die kortstondigheid van

die lewe is ook 'n ernstige werklikheid. Die skynbare teenstrydigheid waarop ons so ewe gewys het, verdwyn wanneer ons insien, dat die lewe nie te kort, ook nie te lank, maar lank genoeg is. Die lewe mag vir ons te kort lyk, maar dit is lank genoeg om ons lot vir die ewigheid te beslis, lank genoeg om in Christus ons Saligmaker te vind en ons aan sy diens te wy. En aan die ander kant, as die lewe vir ons soms te lang lyk, onthou dan, dat dit nooit te lang kan wees, om alles te verrig wat ons hand op aarde vind om te doen nie. God alleen weet wanneer ons genoeg gedoen het.

Een van die Griekse denkers vertel ons in die vorm van 'n mite, hoe hy die lewens van die mens beskou. Hy sê, dat die mens nie een aardse lewe het nie, maar baie. Dieselfde siel word dan telkens in 'n nuwe liggaam gebore. Aan die einde van elke aardse lewe kies die siel in die doderyk sy lot vir die volgende lewe, wat dan daardeur volkome beheers en bepaal word. Volgens 'n vergete keuse voor sy geboorte, leef hy en moet hy leef.

Die Bybel stel ons die saak so gans anders voor, en maak die aardse lewe so ontsaglik veel meer ernstig. Hier word ons gesê, dat daar maar een aardse lewe vir ons is – net een kans om die goeie of die kwade te kies en te doen; en ons kies nie vir die lewe, wanneer die lewe net 'n noodwendige gevolg sou wees van 'n vergete vroeër keuse nie, maar ons kies hier in die lewe. En hierdie keuse is onherroeplik en beslis vir goed ons lot vir die ewigheid.

Geagte hoorders, u sien hoe ontsettend ernstig die nietige lewe van die mens op Christelike standpunt is. Die siel, wat meer werd is as die hele wêreld, moet in hierdie kortstondige lewe die weg te goede of ten kwade kies. Dit is nou of nooit! Wat 'n kritieke tydperk is die aardse lewe! Nietig en onbestendig soos 'n grashalm wat verskroei word deur die strale van die son is dit tog lank genoeg om die rigting aan te gee vir

die ewige lewe hierna. Sal ons nie onself afvra in watter rigting ons gaan nie?

Dit neem nie lank om 'n handvol saad te saai nie, maar 'n mens kan eeue lank die vrugte daarvan maai. Ons lewe is 'n ontsterflike saad. Hierdie saadjie, al is dit nog so klein, val in die aarde en keer skynbaar tot stof terug, maar dit bring sy vrugte voort vir goed of vir kwaad tot aan die einde van alle dinge. Hoe ontsettend ernstig maak hierdie feit ons kortstondige lewe! Want daarin lê opgesluit ook die bepaling van die lotgevalle van sommige van ons medemense.

Vir elke keuse in ons lewe kry ons net een geleentheid. 'n Soortgelyke keuse kan ons weer doen, maar dieselfde keuse kan ons nooit herhaal nie. Verlore geleentheid is vir altyd verlore. Ons het net een lewe en vir elke keuse in daardie lewe kry ons net een kans. Die lewe is onherroeplik nie alleen in sy geheel nie, maar ook in sy nietigste deel. En tog vlieg dit verby soos 'n rookdamp wat deur 'n stormwind voortgedryf word. Sal dit ons nie aanspoor om te doen met al ons krag, voordat die doodsengel ons oorval nie? Die lewe is vir baie dinge lank genoeg, maar gewis nie vir uitstel nie!

Ons begrip van die lengte van tyd is relatief. Wanneer ons terug sien op 'n lewe, wat gekenmerk is deur gedurige strewe en doen, dan lyk dit langer as 'n loopbaan waarin alles bedaard en eentonig afgeloop het. 'n Mens kan dus in 'n sekere sin sy lewe verleng deur die meeste daarvan te maak. God oordeel ook nie anders nie. Hy vra nie na die kwantiteit nie, maar wel na die kwaliteit van ons dae; nie hoe lank ons geleef het nie, maar wel hoedanig. En in die ewigheid word alles na die waarde geweeë, nie na die grootte of lengte gemeet nie.

Die korthed van ons lewe maak dit dus glad nie waardeloos nie. Intendeel, Christus het in sy korte loopbaan oneindig veel meer

tot stand gebring as Metusalem en alle ander ou mense. En Stefanus het deur sy moedige sterwe meer uitgerig vir die uitbreiding van Christus se koninkryk as vele Christene na hom. Ons lewe is baie kort; maar lank genoeg om veel te doen in die Naam van die Here. Sal ons dan nie woeker met die beperkte tyd waaroor ons op aarde mag beskik nie? Sal ons nie elke oomblik sorg, dat ons so leef dat God ook eenmaal vir ons kan sê; goeie en getroue dienskneg?

Maar hiervoor is inspanning nodig. Ons het geen tyd om te verkwis nie. Ons minute en ure is die draers van ontsettende moontlikhede. Wat gaan u van u lewensjare maak? Sal u daarop bou 'n karakter wat in alle ewigheid sal bly staan, of sal u die tyd op aarde so sleg uitkoop, dat die werk van u hande soos kaf en onreine strooi sal verbrand word?

Dit is natuurlik dat die lewe vir ons nou te kort en dan weer te lank lyk; maar altyd moet die lewe vir ons erns wees. Ons eeu ly aan niks so gebrek nie as aan erns. 'n Ligsinnige vermaaksug het die wêreld grotendeels in beslag geneem en bedreig dikwels ook die Christendom. Veral ons wat jongmense is, wat nog nie deur die sorge van die lewe ontnugter geword het nie, loop soms gevaar om te dink en te handel asof die lewe 'n blyspel is waaraan die mens al spelende deelneem.

Sal ons egter nou net angsvallig dink aan die dag van ons eie dood? Sal weemoed en smart ons hart vervul terwyl ons sit en wag op ons lot? Nee, dit mag nie die enigste of vernaamste uitwerking op ons wees nie. Nie die dood, maar die lewe moet ons nou veral besig hou. Die vraag is nie in die eerste plek hoedanig ons dood sal wees nie, maar wel hoedanig ons lewe nou op hierdie oomblik is. Want soos u lewe is, so sal ook u dood wees - of die weg van volmaking van u christelike lewe op aarde, òf die deur wat oopgaan in die duisternis.

Laat ons dan ons nie bekommer oor die lengte van ons lewe nie – daaroor kan God alleen beskik; en Hy alleen weet wanneer ook ons in sy wêreldplan ons rol gespeel het. Maar laat ons met Gods hulp ons lewe breed maak, sodat dit ook die welsyn van ander insluit. Laat ons dit veral diep maak, gewortel in 'n noue omgang met God. So word dit ook hoog, opgehef deur die Heilige Gees tot die dinge van die Vader. Die breedte, die diepte en die hoogte van die lewe – daar lê ons taak. Die lengte kom aan God alleen toe.

Maak dan u lewe breed, diep en hoog, want so maak u dit, ten spyte van sy onsekerheid en kortstondigheid, 'n heerlike voorbereiding vir die ewigheid, en sal u ook triomferend kan uitroep: “Dood waar is jou prikkel, graf waar is jou oorwinning.”

Nawoord: De lengte van ons leven is gedeeltelijk ook in onze hand gegeven. Wij kunnen ons leven verkorten en of verlengen. In het apocriefe boek Jezus Sirach 30:22 staat: Vreugde van het hart is het leven van een man, en blijdschap van een adamiet verlengt zijn dagen. Onrust maakt vroegtijdig oud.

En in de Wet der tien geboden staat het volgende:

Exodus 20:12 *Eert uw vader en uw moeder, opdat uw dagen verlengd worden in het land, dat u JHWH uw God geeft.*